STRAND-NOORD
NG GEMEENTE

Saam bring ons Christus aan almal

Eerbied vir God Drie-enig Omgee Verdraagsaamheid
Samehorigheid Standvastigheid

Leesrooster: Gen 45:3-15; Ps 37:1-11, 39-40; 1 Kor 15:35-38, 42-50; Luk 6:27-38

Sondag 24 Februarie 2019
Eredienste 08:30 & 10:00: Ds Constant van der Merwe
Doop: Hudson Harmzen
Tema: Boodskap wat wêreld verander het - Luk 6:27-36
Geen Kinderkerk
Aandkerk: 18:30 - Kleinsaal
Deuroffer: Instituut vir Blindes

Maandag 25 Februarie
Gholfdagvergadering: 19:00

Dinsdag 26 Februarie
Wykskuier 18:30
Wyk 7
Wyk 18 - Kleinsaal
Kooroefening 18:15

Woensdag 27 Februarie
Biduur: 17:30

Donderdag 28 Februarie
Kuiertee 10:00
Maats-in-Aksie 17:00

Vrydag 1 Maart
Wêreldbiddag vir Vroue 09:30

Saterdag 2 Maart
Gebedsaksie 07:00
Wêreldbiddag vir mans 08:30

Sondag 3 Maart
Eerste Lydensweek
Eredienste 08:30 & 10:00:
Ds Leon Marais
09:45 Kinderkerk
Aandkerk 18:30 Dissk groepe
Deuroffer: Spesiale gemeenteprojekte

NG GEMEENTE STRAND-NOORD
Tel: 021 853 7223 Faks: 021 853 3499
E-pos: info@ngkstrandnoord.co.za

Voorbidding:

- **Johan Fourie** sterk tuis aan.
- **Sella van Niekerk** het 'n operasie ondergaan.
- **Jeanette Lubbe** van Zeezicht is in Vergelegen opgeneem.
- **Celeste Botha** van De Jonghstraat is in Busamed Hospitaal.

Wêreldbiddag vir Vroue - Vrydag 1 Maart om 09:30 in die Kleinsaal
Alle vroue word uitgenooi na die Wêreldbiddag vir Vroue byeenkoms in die Kleinsaal. Die kollekte gaan vir Bybelverspreiding.
Tee en verversings na die tyd. Almal welkom!

Gholfdag
Ons gholfdag is oor drie weke, op 15 Maart. Kom skryf asb in as speler! Ons benodig ook borge en pryse, asb. Inskrywingsvorms is by die kerkkantoor beskikbaar. Ons gaan ook weer stap en draf - kaartjies kan vooraf gekoop word teen R20 elk by die kerkkantoor.

Basaar 2019 - 'n Splinternuwe Tafel!!!
Ons stel bekend ***Chic-Boutique*** (Sameroeper: Petro Pentz, 083 948 2722)
Het jy enige van die volgende items wat net stof vergaar in die huis (of dalk jou kinders se huise): aandrokke, matriekafskeidrokke, enige mooi bloese, rompe, langbroeke, handsakke, krale, oorbelle, hoede, pette en serpe, ens. Ons sal enige donasies van hierdie ware waardeer!!
(Goedere kan ook by die kerkkantoor afgelaai word).

Kontak gerus vir Petro vir skenkings of meer besonderhede.

Ons Maats-in-Aksie verkoop sterk **swartsakke én wit sakke** t.b.v. hul projek, **Jambo Kenia**!
R25 vir 20 swartsakke, R30 vir 20 wit sakke.
Koop dit by die kerkkantoor, Maats-in-Aksie en Kinderkerk.
Help ons kinders om vir die kleuters van Kenia van Jesus te leer.

Wêreldbiddag vir Mans - Saterdag 2 Maart om 08:30 by die NG Gemeente Suider-Strand
Spreker: Nicol Louw – Tegniese redakteur by CAR tydskrif / Dakar tydren.
R35 per persoon (braai-pap, wors en koffie ingesluit)
Kaartjies by kerkkantoor of Carel Smith 072 278 9225

Ons gemeente het die roeping om vereensaming teen te werk en een van die beste maniere om dit te doen is om in 'n kleiner groep in te skakel. Dit is ons droom dat die meeste van ons lidmate iewers tuis sal kan kom in 'n *sirkel van omgee en ondersteuning*.

Ons projek: **Sirkels is beter as Rye!** skop volgende sondag – 3 Maart af wanneer ons nuwe sirkels stig. Dit gebeur in die Saal na afloop van die Tweede diens. Kontak gerus vir Zachary du Toit vir meer inligting by **083 236 9295** of **zacharyvw@gmail.com**

Berg-en-Seeklub vir Seniors:
Byeenkoms: Donderdag 7 Maart om 09:30.
Plek: Moedergemeente Somerset-Wes, Andries Pretoriusstraat
Die skrywer, sakeman en avonturier Pienkes du Plessis praat oor sy ervaring van die El Caminostap in Spanje. Hy sal ook sy praatjie met foto's toelig. Dr Kobus Cilliers sal 'n humoristiese Powerpoint-aanbieding doen.
Koste: R15 vir besoekers en R10 vir lede.

Huis Soeterus Basaar: 9 Maart om 09:00
Huis Soeterus hou Saterdag 9 Maart vanaf 09:00 hul jaarlikse basaar. Kom vroeg, kom koop en geniet al die gewone basaargunstelinge.
Ons gemeente is weer vanjaar verantwoordelik vir die poedingtafel by die basaar. Indien u ons kan help met 'n skenking van 'n poeding, sal ons dit baie waardeer. Skakel vir Sunita by 083 726 2543 indien u kan help. Ons benodig ook asb vrywilligers om te help opskep.

Die Getuieniskommissie is op soek na iemand wat ons kan help met die opstel van PowerPoint-aanbiedings wat elke tweede Sondag in die kerk vertoon word. Ons soek 'n kreatiewe en vaardige persoon om ons te help om ons sendelinge en hul werk aan ons gemeente bekend te stel. Skakel gerus die kerkkantoor as die Here dit vir u op die hart lê om betrokke te raak by ons kommissie.

Kiek en betaal
SnapScan

Nuut in ons Gemeente?
Baie welkom! Vir ons om jou beter te leer ken vra ons dat jy asseblief die volgende doen: Skakel die Kerkkantoor (021 – 853 7223) of meld aanlyn aan by www.ngkstrandnoord.co.za/nuwe-intrekkers of vul 'n geel vorm in (beskikbaar by die deure).

'Waardevol vir Jesus'-Poppieprojek

Baie dankie aan almal wat poppies gebrei het.
Kinders-vir-die-Koning, 'n vroeë kinderontwikkelingsentrum in Casablanca, het die poppies ontvang, saam met 'n boodskap van Jesus se liefde vir hulle.

Tydens die DOVE Vergadering van 9 Februarie 2019, is daar besluit dat DOVE 'n besoek wil bring aan die VGK Decoligny en Sinethemba in die Transkei, gedurende die naweek van 27 April - 1 Mei 2019. Die doel van die besoek is om ons verhouding met Decoligny gemeente en Sinethemba te hernu en uit te bou. Gesprekke sal met die Kerkraad van Decoligny en Sinethemba se personeel gehou word om te bepaal hoe DOVE vorentoe betrokke kan wees by hulle.
Persone wat graag die uitreik wil meemaak, moet asseblief voor 17 Maart by Willem Botes inskryf. Kontak hom by wgpbotes@gmail.com of 083 658 2154. Die koste van die uitreik is R700.00 per persoon.
Reëlings rakende die vervoer en program sal later bekend gemaak word.

TRI-LOGI TOERUSTING BIED AAN: *Padlangs Ouerskap Kursus*

Ons nooi jou om in te skryf vir die Padlangs Ouerskap-kursus wat op die volgende drie aande deur ds. Jan van Zyl aangebied word:
Datums: elke aand 19h00-21h00 by die Lofsentrum in Gordonsbaai
26 Februarie, 5 Maart, 12 Maart
Hierdie kursus begelei ouers om deur deelnemende, positiewe ouerskap 'n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin die geleentheid kry om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel. Kinders word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem, om keuses te maak, en so leer hulle selfstandigheid. Die einddoel is 'n plek waar almal in die gesin gelukkig en tevrede is.
Koste: Dra by soos jy gelei word. Die fondse gaan gebruik word om TRI-LOGI TOERUSTING se sprekers van elders se kostes te dek.
Inskrywings per e-pos na: ngkgordonsbaai@absamail.co.za of skakel 021 8561654

AMOS KAAP MARKTE – Amos se visie is: Om te LEEF EN BOER SOOS GOD WIL
VERKOPE OP SYPAADJIE ONDER DIE SPUR, 2 Maart 2019
Vir enige navrae skakel JB Wessels, 083 233 4533
2 Maart – Wellington koördineerder
Ons wil deur die verkoop van vars produkte, byvoorbeeld groente en vrugte teen markprys, fondse vir Amos-werksaamhede insamel.